SAKE 24 (Beeld)
Wednesday, 13 May 2009, p. 6

Coronation tevrede, al daal wins met 19%

Nellie Brand-Jonker, Kaapstad

Die batebestuurder Coronation se wins het in die halfjaar tot einde Maart met 19% tot R73 miljoen gedaal vergeleke met die ooreenstemmende tydperk.

Dié halfjaar is gekenmerk deur 'n uiters moeilike bedryfsomgewing in die voortslepende finansiële krisis. Die inkomste het met 14% tot R363 miljoen gedaal.

Mnr. Hugo Nelson, uitvoerende hoof, sê dis weens die daling in bates onder bestuur, wat die belangrikste aandrywer van inkomste is. Die bates wat vir kliënte bestuur word, het sedert einde Maart verlede jaar met 11% van R135,7 miljard tot R120,5 miljard gedaal. Dié afname is toegeskryf aan die vertoning van aandeelmarkte in dié tydperk. Die JSE se indeks van alle aandele het in die jaar tot einde Maart met 31% gedaal.

Die bates onder bestuur het afgeneem ondanks die feit dat Coronation 'n netto invloei van fondse (wat ingevloei het nadat uitvloei afgetrek is) gehad het van nuwe institusionele kliënte.

Bedryfskoste is in die halfjaar met 14% tot R231 miljoen verlaag. Nelson sê dis vanweë vaste koste wat in toom gehou is en veranderlike koste wat met 24% tot R111 miljoen gedaal het. Veranderlike koste hou verband met bates onder bestuur en winsgewendheid waarop personeelaansporing (bonusse) gegrond word.

Nelson sê dit sal waarskynlik moeiliker wees om vaste koste in toom te hou in die lopende halfjaar omdat sakebedrywighede gaan styg aangesien bates onder bestuur reeds met R13,4 miljard verhoog het sedert die einde van die oorsigtydperk.

Die nuwe kliënte is meestal pensioenfondse wat geld na gebalanseerde fondse skuif.

Die dividend is dieselfde persentasie van nabelaste wins, soos voorheen. Die kontantdividend beloop 13c – 19% minder as die 16c per aandeel wat 'n jaar gelede die ooreenstemmende tyd verklaar is.

Nelson sê die direksie is gemaklik met die stand van Coronation se balansstaat en dat die dividend gehandhaaf kan word in die moeilike tye. Die negatiewe kontantposisie einde Maart van R34 miljoen hou grootliks verband met die dag waarop die halfjaar geëindig het. Coronation se aandeelprys het 1c laer gesluit op R5,59.